# ’n Gemeenskapsgerigte model vir die geloofsvorming van tieners in die verbondsgesin deur middel van simbole en rituele[1]

**D C de Wet**
**Departement Praktiese Teologie**
**Universiteit van Pretoria**

## Abstract

## A community-directed model for the faith development of teenagers in the covenantal family by means of symbols and rituals

***The covenantal family is the most important building system in the church and the society. Almost all families live in a community where interactions of faith take place. Teenagers leave the church because this community does not offer enough exciting activities for them to be part of a transformation process for a better life. For this reason we need an event-driven and a community-directed teenage and family ministry that accentuates processes, people and relations. Better relationships within the congregation and community needs better communication through symbols and rituals. This paradigm needs an exegesis of the Bible, the culture, the self and the community. Strengthening the inner life of churches and their relation with their immediate communities should be the first priority of church leaders.***

## 1. INLEIDING

### 1.1 Die verbondsgesin as belangrikste geloofsbemiddelingsisteem

Die verbondsgesin is die belangrikste geloofsbemiddelingsisteem in die kerk en gemeenskap. Browning en Reed (1998:258) beweer: “The family is widely

[1] Hierdie artikel is ’n verwerking van D C de Wet se PhD-proefskrif (2003), Fakulteit Teologie, Universiteit van Pretoria, voorberei onder die studieleiding van prof dr C J A Vos.

acknowledge as a central context for religious life and worship in all the great world religions.” Basies alle gesinne woon in 'n gemeenskap waar simboliese interaksies plaasvind. Dingemans (1991:148) meen: “In alle menslijke contacten vindt een dergelijke symboolcommunicatie plaats: we proberen elkaar te begrijpen in de saak die aan de orde is.”

### 1.2 ’n Gemeenskapsgerigte tiener- en gesinsbediening

Sedert 1980 en 1990 is daar 'n geleidelike afname in jeugdeelname in die kerklike lewe. 'n Poging is nodig om 'n jeugondersteunende bediening te laat herlewe (vgl Strommen & Hardel 2000:197). Binne die huidige multikulturele samelewing moet 'n nuwe Christelike jeugsubkultuur geskep word wat gemeenskapsgerig is en deelname impliseer in die ontwikkeling van ’n waardesisteem. Prins (2000a:24) beweer op grond van 'n tienerondersoek in die NG Kerk in Suid-Afrika en in die VSA dat tieners wat die kerk verlaat, doelbewuste aandag aan toerusting nodig het om as Christene in 'n pluralistiese samelewing te leef. Tieners moet gehelp word om in diensaksies in die gemeenskap betrokke te raak. Die huidige jeugbediening slaag nog steeds te min daarin om tieners in dienswerk te betrek. Daarom is ’n gemeenskapsgerigte model noodsaaklik wat 'n gebeurtenisgedrewe tiener- en gesinsbediening in die gemeenskap beklemtoon. Dit beteken ’n bediening wat prosesse, persone en verhoudings aksentueer. Geloofsvorming vind alleen 'n plek binne verhoudings. Babin (1991:154) sê: “Do you want to set up a group? Arouse emotion! Create understanding by sharing. Run, dance, make music! Symbolic language does just that.” Simbole (συμβάλλεῖν) veronderstel betrokkenheid of deelname.

### 1.3 ’n Ekologiese en kosmologiese tiener-betrokkenheid

Tracy (2000:243) beweer: “Ecological science, … is ahead of most other postmodern cultural thought ….” In die praktiese teologie, by name die pastoraalteologie, is ontwikkelinge aan die gang om meer ekologies en kosmologies betrokke te raak by die versorging van die mens. Dit kan een van die belangrikste dimensies van die praktiese teologie word om veral tieners opnuut na die kerk se betrokkenheid in wêreld te laat kyk en hulle tot deelname te stimuleer. Tracy (2000:243) verwys na twee basiese vorme van religieuse uitdrukking in hierdie verband, naamlik manifestasie en proklamasie: “Religion as

manifestation signifies radical participation of any person in the cosmos and in the divine reality …. In religion as proclamation there is a new sense of distance between God and human beings and a powerful interruption of the once powerful, indeed radical, sense of belonging to or radical participation in the cosmos." Die tiener moet ruimte gebied word om met maksimale deelname in die kosmos Jesus Christus te proklameer. Dit kan 'n positiewe omwenteling en ommeswaai in die totale jeugbediening tot gevolg hê. Dit kan die jongmens opnuut na God se teenwoordigheid in die kosmos laat kyk wat tot 'n nuwe moment in geloofsbemiddeling en geloofsvorming kan lei.

### 1.4 Vraag- en doelstelling

Die vraag wat in hierdie studie gevra word, is: Waarom raak al hoe meer tieners onbetrokke in die kerklike aktiwiteite? Die antwoord word gevind in die fragmentering en isolasie van geloofsbemiddeling aan tieners op ’n uitsluitlik verbale vlak sonder ’n voldoende inklusiwiteit en bemagtiging in gemeentelike aktiwiteite. Die geloofsgemeenskap funksioneer nooit in 'n vakuum nie – dit is altyd te midde van 'n kulturele werklikheid wat 'n kragtige invloed op geloofsvorming het. Tillich (1964:196-197) verwys na vier kentekens van simbole onder andere die *Anerkanntheit* wat dui op die simbool wat sosiaal ingebed is en gedra word. Die geloof van die geloofsgemeenskap is ingebed in die konteks van simbole, rituele en verhale. Hierdie paradigma in praktiese teologie vra 'n eksegese van die Woord, die kultuur, die self en die gemeenskap. Die doel daarmee is die versterking van die innerlike lewe van die kerk en sy verhouding met die onmiddellike omgewing. Dit behoort die eerste saak op die prioriteitslys vir die leiers van die kerk te wees. Die kerk het ’n verbondsverantwoordelikheid om sterk en gesonde families te ontwikkel en te onderhou. Hierdie benadering word vervolgens teen die agtergrond van die huidige problematiek by tienerbediening in die gesin, die kerk en gemeenskap bespreek.

## 2. DIE HUIDIGE PROBLEMATIEK BY TIENERBEDIENING

### 2.1 Problematiek in gesinne

Gesinne woon binne ’n gemeenskap en om na die oorsaak van die problematiek in gesinne te soek, moet die gemeenskap as geheel ondersoek word. Browning en andere (1997:50) meen die diagnose van ’n probleem is net so belangrik as

die voorskrif van die geneesmiddel en gee vier redes vir die krisis in die gesin: (1) Die veranderende kulturele waardes, veral die toename in individualisme; (2) veranderende ekonomiese patrone; (3) sielkundige oorsake soos gebrekkige sosialisering en onvoldoende kommunikasiebekwaamhede en (4) die afname in patriargale ingesteldheid. Egskeiding, afbreek van die tradisionele rolle van ouers, ’n magteloosheid om effektiewe ouers te wees, die verdwyning van godsdiensbeoefening in gesinne, gemak en selfsug, industrialisasie en sekularisasie is tekens en bydraende faktore tot krisisse in gesinne en die gemeenskap as geheel (vgl Carter en McGoldrick 1999:13-14). Magteloosheid by ouers kom veral voor wanneer hul kinders tieners word. Müller (2002:66) meen: “Dit is belangrik om te onthou dat ’n deel van die moeilikheid nie met die tiener te doen het nie, maar met die ouer se eie pynlike ontwikkelingsfase. Terwyl jou kinders deur die adolessente fase beweeg, is jy self in die middeljarefase.” De Villiers (1996:27) beweer: “Een ding is seker: ons leef in ’n tyd en ’n wêreld waarin die onsekerhede rondom ouerskap skerp toegeneem het.”

## 2.2 Versteurings in tienerbediening

Die krisis in tienerbediening het nie in die eerste plek met ’n oneffektiewe tienerbediening of programme te doen het nie, maar met ’n versteurde gesinsisteem waarbinne die primêre geloofsbemiddeling moet plaasvind. Prins (2000b:97) meen dat, alhoewel geloofsoortuigings en identifisering met die geloofsgemeenskap ’n belangrike rol by tieners speel, daar ’n gebrek aan koinonia is in groepe waarin tieners beweeg. Die herwinning van die basis vir tienerbediening in die verbondsgesin is van wesenlike belang, maar Benson (1997:179) meen: “… dramatic changes in families and parents’ view of their role have altered the family’s ability to provide a foundation for young people.” Dit het in ’n hoë mate met die verskillende gesinsamestellings te doen.

Johnston (1992:13) is van mening dat jeugbediening in sommige gemeentes 'n alleenmanspel geword het en wat reeds tot uitbranding van talle jeugleiers en predikante gelei het. Die benaderings, modelle en programme wat gevolg word, plaas die totale druk van die tienerbediening op enkelinge in die gemeente. Dit het die frustrasies rondom en antagonisme jeens tienerbediening laat toeneem.

Benson (1997:2-3) beweer dat die volgende faktore in die gemeenskap teen jongmense se ontwikkeling indruis: skeiding tussen ouderdomsgroepe,

wantroue tussen volwassenes en jeug, gefragmenteerde en geïsoleerde sosiale sisteme, beklemtoning van privaatheid en onbetrokkenheid in die gemeenskap en die isolering van gesinne. Dit dui op 'n verkrummelde infrastruktuur en vereis al hoe meer insette van sekere institute in die gemeenskap soos skole en kerke. Die betrokkenheid van die tieners by alkohol- en dwelmmisbruik, seksuele aktiwiteite, vandalisme, diefstal, depressie en afwesigheid by skole is van die bekendste belemmerende faktore in tiener- en gesinsbediening (vgl Benson 1997:4-5).

### 2.3 Die problematiek rondom verskillende modelle

Verskillende modelle word in gemeentes gebruik, maar nie almal is effektief nie. (1) Die modelle wat na binne gerig is, skep ’n probleem omdat dit uit jeugaksies bestaan wat op 'n bepaalde aand van die week bymekaar kom en wat deur 'n jeugleier volgens sy of haar beskouing gelei word. Johnston (1992:15) beweer: “We often fail to realize that teenagers can be challenged and trained to handle key organizational, personal, and program leadership responsibilities.” (2) ’n Kampgeoriënteerde model wat gewoonlik iewers ver vanaf tieners se gesinne plaasvind, weerhou tieners om hul plaaslike omgewing te verken en sodoende binne die daaglikse lewensfeer tot geloofsvorming en -handeling te kan kom. Volgens Clark (2001:79) is die hart van die jeugbedieningsprobleem die kloof tussen die kerkjeugkultuur en die sekulêre jeugkultuur wat wyer word en dat *“…* the official-yet-unwritten mandate of contemporary youth ministry has stayed the same for years.” Johnston (1992:15) meen baie jeugleiers moet nog ontdek dat: “… the most effective way to change the lives of students is to get them involved in service and leadership.” (3) Die enkel-projek-model maak 'n keuse vir 'n bepaalde aktiwiteit en doen dit deeglik, byvoorbeeld 'n jeugkoor of 'n sending-aksie. Tieners voel ook meer betrokke en veilig as een projek aangepak gehandhaaf word (vgl Aerts 2002:148-151).

## 3. ’N NOODWENDIGE PARADIGMAVERANDERING

### 3.1 Dringende klemverskuiwings

Geloofsvorming van tieners in die verbondsgesin vra dus ’n paradigmaskuif van ’n geïnstitusionaliseerde tienerbediening na ’n meer praktyk-, gesin-, verhouding-

en gemeenskapsgerigte benadering. Geloofsbemiddeling aan tieners vra behalwe kennis van die fisiese veranderinge by tieners, ook ’n deeglike begrip van die transformasie in hul denkwyse. “These powerful, qualitative changes in cognitive capabilities result in an enhancement in scope and breadth of thinking, reasoning, and problem solving” (Sapp 1991:72). Dit is dus wenslik om vanuit die tiener se denkraamwerk ’n model vir tienerbediening te ontwikkel wat tot geloofsverbintenisse en -handelinge kan lei.

De Vries (1994:32) beweer: “The answer to the crisis in youth ministry does not lie in infusing our tired structures with life. We need an entirely new way of looking at youth ministry.” 'n Paradigmaverandering van teorie na praktyk en van gemeente na gesin en gemeenskap dui op 'n klemverskuiwing van teorie en programme na persone, prosesse en handelinge. Dit beteken ’n klemverskuiwing van die gemeente as korporatiewe liggaam na verbondsgesinne as die belangrikste bousisteme in die gemeenskap, en 'n klemverskuiwing van gemeente na die gemeenskap waarin die staat en markplein 'n belangrike rol as vennote van die kerk kan speel. ’n Volledige ondersoek wat deur “The International Union for the Scientific Study of Population Problems” (IUSSP) sedert 1928 gedoen word, verwys na die ekonomiese gevolge wat voortvloei uit gesinsprobleme. “These consequences include changes in people’s economic behavior, … inequality among families, households, and individuals. Furthermore, there are consequences for state policies, including education …” (Ermisch en Ogawa 1994:1). Die kerk, staat en die markplein sal saam na 'n oorvleuelingspunt moet soek waar aldrie gemeenskaplike belange dien om in die gemeenskap saam 'n beter bedeling vir almal te kan besin.

## 3.2 Kerk in verhouding met die staat

Whitmore (1998:96) meen: “In order to address the issue of the role of churches and the government on behalf of families, … it is necessary to look at the full range of associations and institutions in civil society.” Die staat se primêre taak is om 'n toestand te skep waarin die deelgenote van die gemeenskap toepaslik kan funksioneer (Whitmore 1998:97). Behalwe die gesinne, die ekonomie en die staat sluit die gemeenskap 'n verskeidenheid vrywillige assosiasies in. Alhoewel na kerke ook soms verwys word as vrywillige assosiasies, moet in gedagte gehou word op watter wyses kerke anders is as die ander vrywillige assosiasies. “… it is

precisely through the conscience, formed in community, that God draws persons" (Whitmore 1998:98).

**3.3 Geloofsbemiddeling in 'n multikulturele gemeenskap**

'n Nuwe paradigma is nodig om die geloof van een geslag na die volgende geslag oor te dra wat in 'n multikulturele postmoderne samelewing opgroei. Hierdie paradigma moet kinders, jongmense, gesinne, gemeentes, verskillende Christelike kerke en selfs verskillende kulture bymekaar bring. In 'n hoë mate bestaan die persepsie onder lidmate dat geloofsbemiddeling en -vorming net in kerkgeboue kan plaasvind. Dit kan geïnstitusionaliseerde geloofsbemiddeling genoem word. Nel (1994:255) verwys na 'n algemene waarneming dat die Afrikaanssprekende kerke nog grootliks rondom die pastorale leierskap gestruktureer word. 'n Gemeenskapsgerigte geloofsvormingsproses vra 'n lidmaatkultuur .".. waar die gemeente 'n kweek- en groeiplek word vir diens aan die koninkryk van God, waar die besig wees van onsself met onsself rigting kry ..." (Nel 1994:256). Dit gaan dus nie net oor die oorlewing van 'n gemeente nie, maar oor lidmate wat die moeilike situasie van die onmiddellike gemeenskap begin hanteer, soos Jesus se reis deur Samaria en sy gesprek met die Samaritaanse vrou by die put van Sigar (Joh 4:7-26).

'n Diensbare kommunikasie is ter sprake wat die nadenke van taalgebruik in die vorm van metafore en simbole insluit. Bronswijk (1987:9) meen: "Symbolen, beeldende kunst en liturgie hebben elkaar steeds wederzijds beïnvloed …. Er was altijd een wisselwerking tussen expressie en theologie." In geloofsbemiddeling aan tieners sal simbole en rituele noukeurig en keurig gekies moet word wat reeds binne hul eie subkultuur en verstaansraamwerk 'n tuiste gevind het en ook nog kan vind. In die veld van kommunikasieteorieë is daar geen eenvormige kommunikasieteorie nie. Geloofsbemiddeling vind deur verskillende kanale plaas en sluit die twee praxisse in waarin die geloofswaarhede bemiddel word, naamlik die Bybelse en die postmoderne. Binne hierdie kontekste word unieke ekosisteme gevind waarin geloof bemiddel is en ook tans bemiddel word. Die kanale loop na die wese van die mens deur die kognitiewe of inhoudelike, die affektiewe of ervarende en die konatiewe of wilshandelende. Hierdie kanale kan verruim word deur die gebruik van simbole en rituele om geloofsbemiddeling tot handelinge te lei. Den Dulk (1998:205) gee aanwysings uit Deuteronomium 6:6-8 hoe om met die teks om te gaan sodat dit

tot handelinge sal lei. Die woorde wat gehoor word, in die hart bewaar word en in die gesprek aan die orde kom, moet ook 'n sigbare werklikheid word. Die verskraling van die Bybelse boodskap is deels as gevolg van die onderbenutting van die multi-sintuiglike waarneming. Effektiewe geloofsbemiddeling het met die maksimale benutting van sintuie in kommunikasie te doen.

### 3.3.1 Geloofsbemiddeling deur middel van rituele

Rituele lei tot die gebruik van simbole of word deur simbole aangevul om tot sinvolle belewenis en geloofshandeling te kan kom. Rituele word as sinvolle handelinge ervaar in situasies soos byvoorbeeld by huweliksluiting, siekte, Kersfeesviering, verjaardae, doop en belydenis van geloof. Die konteks waarin die rituele plaasvind, bepaal of die funksie daarvan effektief sal wees aldan nie. Barnard (2001:9) meen: "Onder 'ritueel' verstaan wij … een al dan niet religieuse symboolhandeling, met een min of meer herkenbaar en herhaalbaar patroon en verloop." Volgens Wegman (1991:44) is die belangrikste miskien: "… dat we door de samenhang van symbolen in het ritueel onze innerlijke gevoelens, overtuigingen, de zingeving die wij aan het menslijke bestaan geven, tot uitdrukking kunnen brengen." Gesinne en tieners moet gehelp word om rituele en tradisies van die Christelike gemeenskap asook gesinsimbole aan te leer wat met die alledaagse lewe in die gesin verbind kan word. Grün (2000:64) sê: "Het is niet de bedoeling dat men het leven een kunstmatige vroomheid geeft." Dit gaan eerder oor wat vir 'n spesifieke persoon sinvol is en wat vir hom of haar goed sal wees. Rituele in jeuggroepe het 'n besondere waarde en bespaar baie energie vir jeugleiers. Waar daar nie rituele bestaan nie, groei lede van groepe nie na mekaar toe nie (vgl Grün 2000:98-99).

### 3.3.2 Geloofsbemiddeling deur middel van simbole

Babin (1991:168) verwys na die gesin as die wiegie en selfs die baarmoeder waarin die simboliek vir godsdienstige opvoeding gebore word: "For Christians, it is the first and the most powerful awakener of faith. It is the community cell in which the child is able to hear for the first time the message of Jesus and the call to his kingdom." Streib (1991:11) beweer: "Faith is embedded in the context of symbols, metaphors and narratives …. Being introduced to faith means being introduced to understanding the symbolic world." Müller (1990:23-25) meen dat die teologie met simbole werk omdat dit vanuit die onsigbare na die sigbare

beweeg. Müller (1990:78) beweer dat die hoogste kennis van geestelike mense wat hulle in hulleself kan vind, verpersoonlik word en plaas vind in prente, woorde, klanke en gebare. Deur simbole word die onverstaanbare begryp: "As the mind explores the symbol, it is led to ideas that lie beyond the grasp of reason" (Jung 1978:20-21).

Godsdiens is 'n simboliese kommunikatiewe handeling: "Der Gottesdienst hat die Struktur darstellenden Handelns, wie immer man ihn theologisch definieren mag …. Der Gottesdienst ist symbolische Kommunikation in einer eigens veranstalteten Situation" (Jetter 1986:140-141). Van Leeuwen (2002:70) meen simbole lê verskuil om in die taal met krag deur te breek: Die simbool is dus aan iets gebonde wat die taal voorafgaan. Alle kommunikasie, of dit deur 'n taal of ander media geskied, maak van simbole gebruik en derhalwe ook geloofs-bemiddeling. Om tieners daartoe te kan lei om diep oor geloof na te dink, beteken om simbolies te praat en te handel. "That was Jesus' language, and it is the dominant language of the media today" (Babin 1991:146). Die werklikheid kan nie van die simboliese geskei word nie en kom met meer diepte na vore sodra dit versimboliseer word. Dillistone (1986:vii) meen: "Man's simian chatter becomes noble as it becomes symbolic." Simbole lei tot kragtige geloofshande-linge en rituele en dit stimuleer in besonder die denke van tieners.

### 3.4 Die veranderende denke van tieners

Barna (1995:109-115) verwys na faktore wat tieners in die negentigs gedefinieer en hulle lewens gerig het. Hierdie faktore dui op sekere verskuiwings wat reeds vir 'n geruime tyd in die denke van tieners voorkom en wat die wyse van geloofsbemiddeling aan hulle direk raak, byvoorbeeld: persoonlike verhoudings tel en institute nie; die ontwikkeling van 'n karakter is van meer belang as sukses; gesinne is nie altyd beskikbaar nie, maar dáár word die beste emosionele ondersteuning gevind; een persoon kán 'n verskil in die samelewing maak, en tegnologie is tieners se natuurlike bondgenoot.

### 3.5 'n Komprehesiewe benadering

Strommen en Hardel (2000:19) is van mening dat 'n geloofsvomingsparadigma wat beperk is tot godsdiensonderrig aan kinders nie voldoende is om hulle toe te rus om geloof na die volgende geslag oor te dra nie: "A paradigm shift is needed – one that results in a more comprehensive approach and fosters faith through

experiences in the family, the congregation, the community, and the culture.” Volgens Strommen en Hardel (2000:20) verbind so 'n paradigmaskuif die millenniumgenerasie met die ouer geslag wat meesal die mees kerklike groep is: “This new vision identifies the family as God’s domestic church and the congregation as God’s communal church. The community and culture are viewed as providing the context within which faith-lives are shaped.” Nel (2001:19) sê: “What we need in order to become fully functioning local church families again is nothing less than a change of mind and heart.” Dit gaan nie vir almal maklik wees nie, want daar bestaan soms ’n antagonisme jeens gemeenskapsbetrokkenheid vanweë ’n hoë voorkoms van misdaad. “As history has taught us, no reformation is without a price – and most reformers were considered heretics, at least for some time. The reformation I am suggesting is against the grain of individualistic Western culture, where materialism and comfort – to the point of narcissism – are inclined to determine our understanding of God’s will for his people” (Nel 2001:19).

## 4. ’N TEOLOGIESE BESKOUING VAN TIENER- EN GESINSBEDIENING MET ’N GEMEENSKAPSGERIGTHEID

### 4.1 Die uitreikvraagstuk

Betrokkenheid by diens en uitreik, skep ’n gevoel van familieskap. Veral as tieners en volwassenes saamwerk aan ’n sinvolle uitreikaksie kom die familieskap in die gemeente sterk na vore. Gemeenskapsgerigtheid het met 'n uitreikvraagstuk te doen wat 'n dramatiese skuif in denke en waardeoordele bring. Sommige geestelike leiers wil binne 'n gemaksone funksioneer en kom dus nie werklik by die problematiek van die gemeenskap uit nie. Dis makliker om oor mense se probleme te preek en te praat as om gesinne en enkellopendes met probleme te bedien, want laasgenoemde bevat meer risiko's en vra meer geloof, tyd en energie. Daarom sal gemeentes met 'n skeptiese en tradisievaste houding moeilik die weg van ’n gemeenskapsgerigte gesinsbediening volg. Dit vra ’n bepaalde diensbaarheidsverhouding tussen die gemeente en gemeenskap. Thomas en Ahlen (1999:67) motiveer gemeenskapsbediening soos volg:

> People are the highest creation of God with infinite potential and value and as such are of infinite worth. People are whole beings made up of physical, emotional, and spiritual segments that cannot be seperated or isolated. God desires the highest good for all people, which is life in fellowship with him on earth and in his eternal kingdom. People are motivated to serve by God's love for him and by the love of God as revealed in his Son, Jesus Christ.

### 4.2 'n Ontmoeting tussen kerk en gemeenskap

Gemeenskapsgerigtheid beteken om die ontmoetingspunt tussen kerk en gemeenskap uit twee rigtings te beskou. Die kerk moet die gemeenskap teologies beskou, maar ook bewus word van die gemeenskap se beskouing van die kerk. Die kerklike beskouing het 'n belydende ingesteldheid terwyl die beskouing van die gemeenskap minder belydend is en in sommige gevalle selfs die evangelie nie aanvaar nie. Browning en andere (1997:315) meen dat: “Churches should develop a bilingual theology and a bifocal program that supports intact families and addresses the realities of other family forms.”

Dekker (2000:157) sê dat daar wel oor die verhouding tussen die kerk en gemeenskap nagedink moet word, maar oor watter betekenis die kerk in die gemeenskap het en wat dit behoort te wees, is daar nie eenstemmigheid nie. Die gemeenskapsituasie is te ingewikkeld en die materie te gevoelig vir eenstemmigheid. Waaroor egter besin moet word, is wat die mees gewenste houding is wat die kerk teenoor die gemeenskap kan inneem. Kan die kerk met sy huidige bedieningstrategie die gemeenskap werklik beïnvloed? Hierdie vraag word gevra omdat die sigbaarheid, invloed en relevansie van die kerk in die samelewing drasties afgeneem het. Dekker (2000:158) meen: “Door de differentiatie van de samenleving en de daarmee gepaard gaande verkerkelijking van de christelijke godsdienst zijn het kerkelijk leven en de overige terreinen van het leven steeds meer los van elkaar komen te staan.” Die pluraliteit binne die kerklike lewe het 'n groot verdeeldheid by lidmate se houding teenoor die gemeenskap en hul posisie teweeggebring. Hierdie saak moet ondersoek word om regtellings te maak vir 'n groter gemeenskaplikheid binne die gemeente en gemeenskap en om die gaping tussen kerk en samelewing te oorbrug.

### 4.3 'n Dialektiese verhouding tussen tiener en gemeenskap

By die geloofsvorming van tieners word hulle persoonlikhede ontwikkel en dit kan nie sonder 'n dialektiese verhouding tussen tiener en gemeenskap plaasvind nie.

Hier word nie met gemeenskap in die eerste plek die plaaslike samelewing as sodanig bedoel nie, maar eerder die tiener in gemeenskap met ander persone wat 'n bydrae tot sy geloofsvorming lewer. Paris (2001:201) beweer: “Personhood is not possible apart from participation in community, and a good community exists for the well-being of its members.” Daar is egter twee beklemtonings van hierdie dialektiese verhouding: (1) die beklemtoning van die individu en (2) die beklemtoning van die gemeenskap.

## 5. ’N MODEL VIR TIENER- EN GESINSBEDIENING MET ’N GEMEENSKAPSGERIGTHEID

### 5.1 Vier gesigspunte vir tienerbedieing

Senter en andere (2001) bespreek vier gesigspunte van jeugbediening en die kerk: (1) Die inklusiewe benadering maak die jeug deel van die gemeentelike aktiwiteite en verhoed dat die jeug van volwassenes geïsoleer word. (2) Die voorbereidende benadering is 'n gespesialiseerde benadering om jongmense toe te rus as leiers, dissipels en evangeliste. (3) Die missionêre benadering bestaan uit 'n groep gelowige jongmense wat hulle daartoe verbind het om uit te reik na gekerstende en ongekerstende adolessente. (4) Die strategiese benadering skenk aandag aan 'n nuwe Bybelse en kultureel-relevante kerk wat ’n nuwe vorm van kerk tot stand sal bring in reaksie op die behoeftes van toekomstige generasies.

### 5.2 Jeugmodelle met ’n gemeenskapsgerigtheid

Nel (1998:169-175) verwys na verskillende jeugmodelle wat die gemeenskap kan dien: (1) Die gemeenskapsmodel ontwikkel die tiener se vaardigheid om God in die wêreld te verteenwoordig. (2) Die dissipelskapmodel  konsentreer op die toerus van tieners om God se mense in ’n goddelose wêreld te wees. (3) Die gawe-ontwikkelingsmodel bied tieners ’n geleentheid om hul gawes en natuurlike vermoëns te ontgin en by diensgeleenthede te benut. (4) Die bedieningsmodel ontwikkel die bedieningsvaardighede van die tiener om hul bloot te stel aan menslike en geestelike nood en behoeftes – ook buite die kulturele konteks van die gemeente.

## 5.3 Beginsels vir die formulering van 'n tiener- en gesinsbedienings-model

### 5.3.1 ’n Verenigde visie

Benson (1997:112) beweer: “We are currently a culture that easily falls victim to divisiveness. It gets in the way of community building.” Gemeenskapsbou beteken om al die bronne en persone so ver as moontlik saam te laat funksioneer vir 'n gesonder gemeenskap. 'n Verenigde visie in die gemeenskap moet in gesinne begin. Elke gesin moet 'n visie van die gesinslewe as die belangrikste sisteem in die gemeenskap ontwikkel. Die gesin het 'n unieke identiteit en missie om sy taak en verantwoordelikhede te realiseer. Die gesin is nie 'n kollektiwiteit van individue nie, maar 'n lewende en ontwikkelende sisteem met lede wat onontbeerlik onderling verbonde is. Dallos (1999:176) meen om 'n komprehensiewe beeld van die gesinslewe te kry, moet die volgende drie vlakke gesamentlik as interne en eksterne verhoudings oordink word: (1) die sosiaal-kulturele met betrekking tot wat aanvaarbaar is, (2) die familiale gesinsbesprekings en internalisering van 'n kulturele diskoers en (3) die sake waarin elke gesinslid persoonlik glo.

### 5.3.2 Gesinsdiversiteit

Elke gesin het 'n unieke gesinsdiversiteit. Demo en andere (2000:1-2) meen: “There are many different types of families, with many different needs, and many different ways of meeting these needs. Family diversity is a way of characterizing the variability within and among families.” Die diversiteit in struktuur, ekonomiese status, spesiale behoeftes, etniese en godsdienstige erfenis en die invloed van gemeenskaplike verloop van gebeurtenisse het 'n uitwerking op die rolle en aktiwiteite van gesinne.

### 5.3.3 Verhouding met sosiale omgewing

Daar bestaan tussen elke gesin en die sosiale instellings ’n deelgenootskap. Louw (1989:13) sê: “Daar bestaan ’n intieme verband tussen die gesin en die sosiale omgewing. Die gesin self is immers ’n klein sosiale eenheid binne die groter geheel van verhoudinge en omgewingsverbande …. Die gesin reflekteer die waardes, houdinge, gesindhede en styl van ’n bepaalde groep of

kultuursituasie.” Dit is nodig dat deelgenootskap gevorm word tussen gesinne en die institute wat deel het aan die gesin se verantwoordelikheid.

### 5.4 Die struktuur van 'n tiener- en gesinsbedieningsmodel

Voor die brug na die gemeenskap gebou kan word, moet die struktuur en eienskappe daarvan vir die bouers bekend wees asook waarheen die brug mense neem.

#### 5.4.1 Induktiewe opvoedingsmetodiek

Boran (1996:15) sê daar moet duidelikheid bestaan oor waarheen die model die jeug wil neem. Die doel met die model kan baie gering of oppervlakkig wees. Dit kan ook meer veeleisend en vrysinnig wees. Die godsdiensopvoeding in die kerk moenie 'n formele opvoedingstyl handhaaf nie. In 'n informele situasie word 'n induktiewe metode verkies wat by tieners se eie lewensituasie en godsdiens-benadering begin. Janssen (2003:15) verwys na die Franse sosioloog, Danièle Hervieu-Léger wat die moderne gelowiges as pelgrims beskryf. Janssen (2003:15) meen: “Hun godsdienstigheid is vrijwillig, zelf gekozen, individueel, voorlopig, in beweging en accidenteel.” Dit is die metode wat Jesus gebruik het, byvoorbeeld toe Hy saam met die Emmausgangers op pad was (Luk 24:13-35) (vgl Boran 1996:17-18). Tieners word dus op 'n ontdekkingsreis in die geloofswêreld geneem om tot geloof te kom.

#### 5.4.2 'n Holistiese benadering

'n Holistiese benadering by tienerbediening beklemtoon nie net die geestelike lewe nie, maar skenk ook aandag aan die materiële en psigiese behoeftes van tieners, hul gesinne en gemeenskapslede. Daar moet egter tussen die verskeie behoeftes en die hantering daarvan onderskei word, maar 'n holistiese perspektief moet ook ten alle tye behou word sodat prioriteit aan die verskillende behoeftes gegee kan word. Hierdie benadering is veral van belang wanneer ’n groot verskeidenheid van behoeftes in die gemeenskap gehanteer moet word. Soms sal die intellektuele behoeftes prioriteit geniet en ander kere sal die invalshoek van geloofsbemiddeling weer stoflik of emosioneel van aard wees. Nel (1998:121) meen: “Wanneer jeugleiers hierdie omvattende insig mis, raak hulle met dele van die geheel besig asof dit die geheel is.” Met 'n holistiese benadering gaan dit selfs oor meer as al die bestaande bedieninge in die

gemeente. ’n Holistiese benadering handel ook oor die rol en diens van alle sektore in die gemeenskap. Benson (1997:207) gebruik die terme *secondary socializing systems* om hierdie sisteme te onderskei van skole, gemeentes, jeugorganisasies en woonbuurte.

### 5.4.3 Tienerbediening met 'n metamorfiese karakter

Du Toit (2001:6-7) verwys na die verskuiwings of metamorfose wat tans in jeugbediening aan die gang is en wat bydra tot 'n meer holistiese en inklusiewe benadering in die jeugbediening. Daar is 'n beweging aan die gang weg van programme na persone, prosesse en verhoudings. In die sewentigerjare het jeugwerk op die inhoud van programme gekonsentreer soos om kategese-leerplanne deur te werk. In die nuwe millennium is die bou van verhoudings egter belangriker en word gewerk aan prosesse wat kinders se verbintenisse en koinonia in 'n gemeente bevorder. Dit is prosesse wat lidmate tot die besef lei dat hulle daar is om mekaar te bedien. Die klem val al minder op generasiegaping en meer op generasie-integrasie. Tienerbediening kan nie in isolasie bestaan of oorleef nie daarom moet die tienerbediening in die gemeentebediening ingesluit word en 'n gemeenskapsgerigte bediening ontwikkel word waar tieners woon, skoolopleiding ontvang en ontspan. Nel (1998:77-97) beklemtoon 'n inklusiewe gemeentelike benadering vir tieners, ’n bediening aan, met en deur tieners.

'n Beweging weg van 'n individualistiese na 'n sistemiese ingesteldheid word bemerk. In die afgelope dertig jaar is daar so op die individu gefokus dat die individue se onderlinge verbintenisse vervaag het. Elke kind het 'n sisteem waarin daar saamgeleef word. Die persone in hierdie sisteem vorm die kind en bepaal sy optrede. Dit vereis 'n beweging van feite na verhale, simbole en rituele. Die kerk raak al hoe meer daarvan bewus dat kinders wel tot beter insig kom deur middel van simbole en rituele. Simbole is nodig vir identifisering en praktisering. Daarom is daar ook 'n beweging nodig van kennis na toepassing. 'n Paar jaar gelede is 'n enorme hoeveelheid teorie gehanteer voordat persone toegelaat is om iets in die praktyk te vermag. Tans val die klem op ervaringsleer en die narratiewe benadering.

Hierdie verskuiwings vra ook om van een leerstyl na meer leerstyle te beweeg. Jung (1964:20) het reeds drie dekades gelede gesê: “Man uses the spoken or written word to express the meaning of what he wants to convey. His language is full of symbols, but he also often employs signs or images that are

not strictily descriptive. Babin (1991:70) meen: “In the media age, it is not just the functioning of religious education itself that is called on to change. Even the presentation of the message must be modified.” Geloofsbemiddeling in die postmoderne tyd is weens die algemene benutting van tegnologiese middele al hoe meer van die gebruik van hierdie verskeidenheid van leerstyle, simbole en rituele afhanklik om tot geloofshandelinge te kom. Die uitdaging is om die evangelieboodskap in elektroniese taal te vertaal, sodat tieners dit in hul eie kommunikasievoorkeur kan ontsluit. Die geleentheid is ryp om deur rekenaar-simbole oor taalgrense heen met mekaar te kommunikeer en geloof te bemiddel. Gesprekke wat idees en waardes insluit en plaaslik geskied het, verskuif nou deur middel van internet na die internasionale terrein.

### 5.4.4 Tienerbediening in 'n nie-bedreigende omgewing

Barna en Hatch (2001:115) verwys in hulle studie na kulturele verskuiwings soos volg: “In a decade when everyone’s lifestyle will be so uniquely representative of themselves that there will not be ‘lifestyle patterns’ per se, Christians will nevertheless have continual opportunities to show what a difference their faith makes in coping with the omnipresent chaos.” Tienerbediening in 'n nie-bedreigende omgewing is die ideaal. Met nie-bedreigende omgewing word bedoel begeleiding van tieners deur volwasse gelowiges om in ’n bedreigende wêreld as Christen relevant te bly. Tienerbediening is 'n spanbediening. Die mees aangewese en Godgegewe nie-bedreigende span is die huisgesin. Binne die gesinsverband moet die beginsel gehandhaaf word dat tienerbediening en tienerontwikkeling deur ouers in die gesin en medetieners as gelowiges in die portuurgroep omsluit en ingesluit word.

### 5.4.5 Ondersteuningskomponente

Die dinamiese krag is nie in ’n model geleë nie, maar in die aktivering daarvan deur die Gees van God. Die model is bloot 'n kanaal waardeur die hermeneu-tiese proses pneumatologiese tot handeling kom (vgl Strommen en Hardel 2000:21).

- **Versterking van gesinsverhoudings**

  Die gesinsverhoudings word versterk om in die gemeenskap ’n voorbeeld te wees van eenheid in God. Die Christendom moenie toelaat dat daar

slegs 'n negatiewe of monologies beïnvloeding vanuit die omringende kulture na die gemeente en in die gesinne sal plaasvind nie. Om dit dus vir gesinne en tieners moontlik te maak om binne die gemeenskap Christelike waardes oor te dra en op te bou, moet gesinsverhoudings versterk word.

- **Geloofgesentreerde Christelike opvoeding**
  Om die geloofsinhoud met mekaar, die res van die gemeente en gemeenskap te deel, word geloof op 'n bepaalde wyse aan die tiener en gesin bemiddel sodat die geloofsinhoud na die multikulturele gemeenskap uitgedra kan word om daar as mededingende Christelike kultuur 'n rol te kan speel. Dit geskied deur middel van verbale geloofsbemiddeling, die gedrukte en gesproke woord, en nie-verbale geloofsbemiddeling, naamlik deur middel van simbole, rituele en ervaring wat die verbale geloofsbemiddeling ondersteun om met groter effektiwiteit tot geloofshandeling te kom. Gesinne word dus bewus gemaak van 'n meer sigbare en tasbare gesinsbediening.

- **Die gemeente as gesin**
  Die visie van die gemeente as gesin moet by die gesin en in die gemeente gevestig word. Die gemeente as gesin moet in hierdie proses van gemeenskapsgerigtheid op 'n spontane wyse deur 'n gemeenskaplike projek tot insig gelei word dat die gemeente 'n uitgebreide en uitnodigende gesin vir almal is waarbinne onderlinge steungewing kan plaasvind.

- **Die skep van 'n Christelike jeugsubkultuur**
  As tieners die geleentheid kry en bemagtig word om in die gemeenskap betrokke te raak, word 'n Christelike jeugsubkultuur geskep. 'n Jeugsubkultuur moet vanuit die gemeentekultuur na vore kom en dit beteken dat die gemeentekultuur eers verander moet word voor daar sprake van 'n jeugsubkultuur kan wees. Strommen (1997:67) meen: "Such a change may require a deliberate change in the pastor's style of leadership." Hierdie jeugsubkultuur sal met ander nie-Christelike of buite-kerklike jeugsubkulture en die breë gemeenskap in aanraking kom om daar die Christelike kultuur te proklameer.

## 6. ’N MODEL VIR DIE BEPLANNINGSFASE

### 6.1 Kultuurverandering in die gemeente

Die model vir tiener- en gesinsbediening met ’n gemeenskapsgerigtheid vereis ’n kultuurverandering in die gemeente. Die kultuurverandering moet by die tiener- en gesinsbedienaar en sy gesin begin en vind volgens Hebbard (1995:218-239) op ten minste vyf vlakke plaas om die persoonlike, pastorale en organisatoriese komponente in die plaaslike gemeente te verander en te beoefen: Die gesinsbedienaar se beskouing van (1) hom- of haarself, (2) die gesin, (3) die vrywillige gesinsbedienaars, (4) formele en informele leierskapstrukture en (5) die kerksisteem as sodanig in die gemeente met betrekking tot gesinsbediening is van wesenlike belang. Gesinsbediening moenie as 'n bykomstige bediening in die gemeente beskou word nie. Dit is in wese ’n komprehensiewe bediening wat ’n verweefdheid van bedieninge veronderstel (vgl Nel 1998:83-84).

### 6.2 Leierskapspan

Die kerkraad moet toesig hou oor die verbondsgesin as primêre geloofsbemiddelingsisteem. 'n Gesinsbedienaar is verantwoordelik vir die koppeling van al die bedieninge met mekaar asook aan die verskillende lewensfases van die gesinslede. Toerusting en die verskaffing van inligting moet hoog op die prioriteitslys geplaas word. 'n Gesinsbedienaar is in die eerste plek iemand wat al die bedieningsvlakke van die gemeente ondersoek en dienooreenkomstig ’n leierskapspan toerus. Benson (1997:137) onderskei tussen twee basiese leierskapspanne: (1) die visiespan wat die uitvoering van die taak hanteer en organisasies en individue betrokke kry en (2) die strategiese leierskapspan ontwikkel en faseer planne in wat op dié visie gerig is.

### 6.3 Deelname van lidmate

Strommen en Hardel (2001:292) meen: “The first essential in fostering a congregation’s readiness to respond is an atmosphere that frees people to participate in effecting needed change.” Lidmate moet die geleentheid kry om self ’n model vir die plaaslike situasie en behoeftes van die gemeente en gemeenskap te ontwikkel. Dit vereis dat die behoeftes van die gemeente en gemeenskap verken sal word en eers daarna kan 'n missie ontwerp word om die behoeftes aan te spreek.

### 6.4 Verenig rondom behoeftes en waardes

Die uitgangspunt is nie om ’n program van stapel te stuur om alle behoeftes te hanteer nie, maar om eerder van behoeftes bewus te word deur goed te luister en by die gemeente ’n oplettendheid vir prominente behoeftes te kweek. “Evident needs are the needs of hurting people who are looking for help, the kind which a congregation can most easily understand and address” (Strommen 1997:89). Thomas (1996:158) meen die evaluering van die gemeente moet tot 'n duidelike visie van die behoeftes van beide die gemeente en gemeenskap asook die bestaande bronne om die behoeftes aan te spreek, lei.

### 6.5 ’n Breë eienaarskap

’n Breë eienaarskap vir tiener- en gesinsbediening met ’n gemeenskaps-gerigtheid sluit ’n breë spektrum van persone in die gemeente en gemeenskap in met hul onderskeie gawes, talente, menings en gesindhede. Om ’n sinvolle tiener- en gesinsbediening met ’n gemeenskapsgerigtheid te kan begin, moet daar genoegsame tyd aan die breë eienaarskap bestee word. Dit behels navorsing van die gemeente se geskiedenis en die haalbaarheid van gesins-bediening en die bydraes van nie-amptelike beleidmakers, geestelike leiers, tieners en hul ouers.

### 6.6 Taakspanne

Nadat die prioriteite deur die leierskapspan vasgestel is, word die taakspanne saamgestel wat veral ouers en tieners insluit. Elke taakspan se lede moet onderling ooreenkom oor die definiëring van die resultaat wat deur die taakspan verwag word. Dit vorm die gesamentlike visie van die taakspan. Strommen & Hardel (2000:304) verwys na die “Youth and Family Institute of Augsburg College called Vision Pak to get through the process of implementation ....” Visiepak help die taakspan om aan te teken wat gedoen moet word en wie verantwoordelik is om toe te sien dat die taak uitgevoer word en wanneer en waar dit uitgevoer moet word.

### 6.7 Visie en missie

Bosch (1991:372) beweer: “It has become impossible to talk about the church without at the same time talking about mission. One can no longer talk about church and mission, only about the mission of the church.” Die visie van ’n model vir tiener- en gesinsbediening behels ’n gemeenskapgerigtheid en die opbou van

Christelike waardes in gesinne om effektiewe bemiddelaars in die koninkryk van God te kan word. Hierdie visie moet duidelik onder die aandag van die gemeente gebring word en aan ’n missie verbind word sodat die lidmate ’n verbintenis daarmee kan aangaan. Strommen (1997:104) meen: “This connection enhances motivation, commitment, and a general sense of fulfillment.”

### 6.8 Besinning oor bediening en beplanning van programme

Die moontlikheid van bedieninge in die gemeenskap is wyd en word bepaal deur die aantal bestaande behoeftes. Volgens Thomas en Ahlen (1999:72) moet daar eers vasgestel word of die behoefte wyd genoeg voorkom om 'n bediening dienooreenkomstig te regverdig. Daar moet vasgestel word of daar nie reeds ander kerke of instansies is wat reeds aan die behoeftes aandag skenk nie.

### 6.9 Betrokkenheid by take

Benson (1997:110) meen: “Comprehensiveness, collaboration, long-term perspective, and deep engagement and ownership by the people are the current mantras of community building.” Die gemeente moet werk aan 'n atmosfeer waarbinne lidmate vry voel om deel te neem aan effektiewe verandering volgens behoefte. So 'n atmosfeer word bereik deur die gawes van elke lidmaat te ontwikkel en hul toe te rus vir 'n bepaalde bediening. Dit vra 'n wegbreek van 'n organisatoriese kontrole oor alles wat in die gemeente aangaan. Die lidmate word met die nodige ondersteuning en vertroue gehanteer en kreatiwiteit word aangemoedig (vgl Strommen en Hardel 2000:292-293).

### 6.10 Langtermynondersteuning

Thomas (1996:146) meen: “One important thing about long-term goals is that the more long-term they are, the harder it is to closely specify and quantify them.” Daarom moet langtermyndoelstellings voortdurend hersien word. Die korttermyn-doelstellings word gouer afgehandel en die inligting is dus meer geredelik beskikbaar vir evaluering. Thomas (1996:147) beweer: “In terms of Family Ministry, goals are essential. Without setting them and working to quantify them, you’re not likely to do more than find yourself frustrated by the fact that Family Ministry is such a great idea, but you see so little of it taking place.”

Die meeste taakspanne leer deur God se leiding te soek en te verstaan wat dit beteken om in God se missie betrokke te wees (vgl Strommen & Hardel 2000:295). Bosch (1991:392) beweer: "Mission has its origin in the heart of God. God is a fountain of sending love. This is the deepest source of mission. It is impossible to penetrate deeper still; there is mission because God loves people."

## 7. KOPPELINGSMODEL

### 7.1 Die ontmoetingspunt tussen kerklike en sekulêre kultuur

Die koppelingsmodel kan as sentrale punt van die tiener- en gesinsbedienings-model met 'n gemeenskapsgerigtheid beskou word. Die koppelingsmodel konsentreer op 'n ontmoetingspunt tussen die kerklike en sekulêre kultuur. Die koppeling tussen kerk en gemeenskap volg die weg om verhoudings te skep en te bou deur middel van gemeenskaplike sake soos die gesinsproblematiek, kommunikasie, behoeftes, kultuur, skeppende kunste, ekologie, berading en gemeenskapsbronne. Dissiplines wat hierby betrek kan word, is onder andere die opvoedkunde, sosiologie, psigologie, antropologie, natuurwetenskappe en praktiese teologie en vind 'n plek binne die breë raamwerk van kerk, staat en markplein. Geloof moet in die sekulêre en postmoderne wêreld bemiddel word en daarom moet hierdie wêreld verken word. Dit sluit onder andere verskillende denkpatrone, taalvorme, gedragspatrone, sosiale strukture en die media in.

### 7.2 Kultuurverandering

Aandag moet geskenk word aan die transformasie van die kultuur – kultuur as geloofsvormende faktor en die Christelike ingesteldheid ten opsigte van die kultuur. Die doelwit is om aandag te skenk aan 'n ontmoetingspunt tussen die kerklike en sekulêre waar geloofsbemiddeling meer effektief kan plaasvind as wat dit huidiglik in 'n geïsoleerde kerklike situasie geskied. Hierdie ontmoetings-punt is die natuurlike alledaagse leefruimte van tieners en hul gesinne in die gemeenskap. Vir die plaaslike gemeente beteken dit om die brûe wat tussen die kerk en gemeenskap verdwyn het weer te herbou (vgl Heitink 1993:278). Die kerk en die wêreld staan beide in verhouding met die teorie en praktyk alhoewel die beskouinge van teorie en praktyk van mekaar kan verskil, maar daar is beslis ook raakpunte. Die brug tussen kerk en gemeenskap kan weer herbou word deur

spesifiek aandag te skenk aan die Christelike ingesteldheid tot die kultuur, kruiskulturele kommunikasie en Christus as transformeerder van die kultuur.

## 8. EVALUERING VAN DIE MODEL

Strommen & Hardel (2000:296) stel voor dat die interne en eksterne informasie van die gemeente soos volg nagegaan en geëvalueer kan word: 'n Taakspan met lede wat uit tieners en volwassenes bestaan, word saamgestel om informasie van die interne en eksterne omgewing van die gemeente in te samel en te interpreer. Die volgende faktore in die gemeenskap wat 'n invloed op die gemeente het, kan ondersoek word: (1) die veranderende aard van die gesin, (2) die veranderende rol van die vrou, (3) toename in sekularisasie, (4) 'n groeiende morele vakuum, (5) 'n drastiese toename in mense met seer en (6) die individualistiese en materialistiese leefwyse. Die deelnemers bepaal wat die grootste probleem is en watter aanpassings in die gemeentelike bediening nodig is. Hierna word 'n evaluering van die interne omgewing van die gemeente gedoen. Die volgende vier imperatiewe van tiener- en gesinsbediening is enkele van die moontlike ondersoekterreine: (1) 'n Christelike opvoeding wat op geloof gebaseer is, (2) sterk lewensvormende gesinne, (3) die gemeente as gesin en (4) Christelike jeugsubkulture. Strommen en Hardel (2000:296-297) sê dat die deelnemers in hierdie ondersoek die informasie wat ingevorder is, kan gebruik om te bepaal in watter mate die gemeente suksesvol was met genoemde imperatiewe. Die volgende twee vrae kan gebruik word om die analise van die data te rig: (1) wat word as die sterkpunte van die gemeente beskou en (2) wat kan nog sterker funksioneer?

## 9. ’N SAMEVATTING EN VOORUITSKOUE

Geloofsvorming van tieners in die verbondsgesin deur middel van simbole en rituele vra dus 'n paradigmaskuif binne jeugbediening wat meer praktyk-, gesin-, verhouding- en gemeenskapsgeoriënteerd is as die huidige geprogrammeerde en geïnstitusionaliseerde benadering van jeugbediening. Hierdie paradigmaskuif is nodig om vanaf 'n gefragmenteerde en geïsoleerde jeugbedieningsituasie weg te beweeg na direkte en indirekte geloofservarings binne die groter gemeenskap waar die kerklike betrokkenheid en insprake amper heeltemal verdwyn het en uitsluitlik in die hande van die staat en besigheidsektor gelaat word. Deur

induksie en deduksie, waarneming en refleksie, kan tieners geleer en bemagtig word om self tot 'n konsepvorming te kom hoe om deur middel van evaringe soos uitbeelding van geloofsinhoude deur middel van dramatisering en die skeppende kunste, wat simbole en rituele insluit, tot geloof te kom en ander tot geloof te lei.

God het 'n hoopvolle droom vir die gesin wat God in die Woord met elke gesin wil deel (vgl Gen 12, Deut 5-6 en Jos 24). Deur terug te kyk hoe God saam met gesinne was, is daar hoop vir elke gesin om tot verhaal te kom en met 'n nuwe vooruitsig na die toekoms te kyk. Hierdie hoop en droom oor die gesin kan nie deur geskrewe programme of modelle per se reggestel word nie, maar is vervat in ’n proses waarin gesinne op 'n praktiese wyse gelei word om opnuut die verbondsliefde van God te ervaar. Die Christelike geloof en die uitbeelding, verkondiging en uitlewing daarvan kan in gesinne 'n nuwe dinamiek en getuienis in die kerk van Jesus Christus na vore bring. Gesinne en tieners kan weer tot geloofshandeling kom en hul geloof laat groei deur Christelike familiegewoontes te koester, die Woord te simboliseer en te ritualiseer. Gesinne moet leer om agtertoe na die goedheid en grootheid van God te kyk om vorentoe te kan beweeg. Dit beteken om vanuit 'n Bybelse gesinsvisie missionêr vir mekaar en noodlydendes in die gemeenskap te leef en saam fees te vier.

## Literatuurverwysings

Aerts, L 2002. Jonge mensen bij de bron: Liturgie in Taizé, in Barnard, M & Schuman, N A (reds), *Nieuwe wegen in de liturgie,* 147-157. Zoetemeer: Meinema.

Anderson, H *et al* (eds) 1998. *The family handbook*. Louisville, KY: Westminster.

Babin, P 1991. *The new era in religious communication*. Minneapolis, MA: Fortress.

Barna, G 1995. *Generation next: What you need to know about today’s youth.* Ventura: Regal Books.

Barna, G & Hatch, M 2001. *Boiling point: It only takes one degree: Monitoring cultural shifts in the 21st century.* Ventura: Regal Books.

Barnard, M & Post, P (reds) 2001. Ritueel bestek: Antropologische kernwoorden van de liturgie. Zoetermeer: Meinema.

Barnard M & Schuman, N (reds) 2002. *Nieuwe wegen in de liturgie: De weg van de liturgie.* Zoetermeer: Meinema.

Benson, P L 1997. *All kids are our kids: What communities must do to raise caring and responsible children and adolescents.* San Francisco, CA: Jossey-Bass.

Boran, G 1996. *Youth ministry that works: Practical ideas for working with young people.* New Jersey, NJ: Paulist Press.

Bosch, D J 1991. *Transforming mission: Paradigm shifts in theology of mission.* Maryknoll, NY: Orbis Books.

Bronswijk, A C 1987. *Symbolen, de taal van kunst en liturgie.* 's-Gravenhage: Boekencentrum.
Browning, D S *et al* (ed) 1997. *From culture wars to common ground: Religion and the American family debate*. Louisville, KY: Westminster.
Browning, R L & Reed, R A 1998. Families and worship, in Anderson, H et al (eds), 258-274.
Carter, M & McGoldrick, M 1999. *The expanded family life cycle: Individual family, and social perspectives.* Boston, MA: Allyn and Bacon.
Clark, C 2001. The missional approach to youth ministry, in Senter 2001:77-96.
Dallos, R 1999 [1995]. Constructing family life: Family belief systems, in Muncie, J *et al* (eds), *Understanding the family,*173-211. London: Sage.
Dekker, G 2000. *Zodat de wereld verandert: Over de toekomst van de kerk.* Baarn: Ten Have.
Demo, D H, Allen K R & Fine M A 2000. *Handbook of familiy diversity.* Oxford: Oxford University Press.
Den Dulk, M 1998. *Vijf kansen: Een theologie die begint bij Mozes.* Zoetermeer: Meinema.
De Villiers, D E 1996. 'n Christelike gesinsethos. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika* 11 (2) 1996.
De Vries, M 1994. *Family-based youth ministry: Reaching the been-there, done-that generation.* Illinois, IL: Intervarsity Press.
Dillistone, F W 1986. *The power of symbols in religion and culture.* New York, NY: Crossroad.
Dingemans, G D J 1991. *Als hoorder onder de hoorders: Hermeneutische homiletiek.* Kampen: Kok.
Du Toit, P A 2001, Jeugleiers is avonturiers wat op nuwe paaie loop. *Die Kerkbode* 167, 6-7.
Ermisch, J & Ogawa, N 1994. *The family, the market and the state in ageing societies.* Oxford: Clarendon.
Grün, A 2000. *Een veilige schuilplaats: Meer levensvreugde door rituelen.* Tielt: Lannoo.
Hebbard, D W 1995. *The complete family life ministry in the Church.* Nashville, TN: Thomas Nelson Publishers.
Heitink, G 1993. *Praktische Theologie: Geschiedenis, theorie, handelingsvelden.* Kampen: Kok.
Janssen, J 2003. De jeugd, de religie en de toekomst. *Praktische Theologie* 30(1), 3-23.
Jetter, W 1986. *Symbol und ritual: Anthropologische Elemente im Gottesdienst.* Göttingen: Vandenhoeck & Ruprecht.
Johnston, R 1992. *Developing student leaders: How to motivate, select, train, and empower your kids to make a difference.* Grand Rapids, MI: Zondervan.
Jung, C G (ed) [1964]1978. *Man and his symbols*. London: Pan/Picador.
Louw, D J 1989. *Gesinsverryking: Riglyne vir groei en kommunikasie.* Pretoria: Academica.
Müller, J C 2002. *Gesinne van binne: Vertel die verlede en droom oor die toekoms van jou gesin.* Bloemfontein: Barnabas.

Müller, W W 1990. *Das Symbol in der dogmatischen Theologie: Eine symbol-theologische Studie anhand der Theorien bei Rahner, K, Tillich, P, Ricoeur, P und Lacan, J.* Frankfurt am Main: Peter Lang.

Nel, M 1994. *Gemeentebou.* Halfway House: Orion.

Nel, M 1998. *Jeugbediening: 'n Inklusiewe gemeentelike benadering.* Pretoria: Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing.

Nel, M 2001. The inclusive congregational approach to youth ministry, in Senter 2001:1-22.

Paris, P J 2001. Moral exemplers in global community, in Stackhouse, M L & Browning, D S (eds), *The spirit and the modern authorities: God and globalization,* vol 2, 191-219. Harrisburg, PA: Trinity Press International.

Prins, J M G 2000a. Geloofsoortuigings, -gedrag van kerklik betrokke tieners – verslag van 'n empiriese ondersoek. *NGTT* 41(1/2) 15-27.

Prins, J M G 2000b. Die godsdienstige houdings van kerklik betrokke tieners. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika* 15(1), 82-99.

Sapp, G L 1991. Adolescent thinking and understanding, in Ratcliff, D & Davies J A (eds), *Handbook of youth ministry,* 70-96*.* Birmingham: Religious Education Press.

Senter, M H & Nel, M (eds) 2001. *Four views of youth ministry and the church: Inclusive congregational preparatory, missional, strategic.* Grand Rapids, MI: Zondervan for Youth Specialities.

Streib, H 1991. *Hermeneutics of metaphor, symbol and narrative in faith development theory.* New York, NY: Peter Lang.

Strommen, M P 1997. *The innovative church: Seven steps to positive change in your congregation.* Augsburg: Fortress

Strommen, M P & Hardel, R A (eds) 2000. *Passing on the faith: A radical new model for youth and family ministry*. Winona: Saint Mary's Press.

Tillich, P 1964. *Die Frage nach dem Unbedingten: Schriften zur Religions-philosophie. Gesammelte Werke Band V.* Stuttgart: Union.

Thomas, S 1996. *Your church can be family-friendly: How you can launch a successful family ministry in your congregation.* Joplin: College Press.

Thomas, J V & Ahlen, J M 1999. *One church, many congregations: The key church strategy*. Nashville, TN: Abington.

Tracy, D 2000. Public theology, hope and the mass media: Can the muses still inspire? in Stackhouse, M L & Paris, P J, (eds), *Religion and the powers of the common life: God and globalization,* vol 1, 231-254. Harrisburg, PA: Trinity Press International.

Van Leeuwen, M S 2002. De onalledaagse taal van de liturgie, in Barnard & Schuman 2002:65-81.

Wegman, H A J 1991. *Riten en mythen: Liturgie in de geschiedenis van het christendom.* Kampen: Kok.

Whitmore, T D 1998. The role of churches in relationship to government on behalf of families: A theoretical perspective, in Anderson 1998:96-100.